Instandhouding vs gestuurdheid

Cas Wepener

Ek moet skryf oor die verskil tussen "instandhouding" en "gestuurdheid".

Dit kan klink na 'n eenvoudige opdrag van een tabel met twee kolomme wat opgestel moet word wat die twee selfstandige naamwoorde beskryf. So eenvoudig is dit egter nie.

Soms is "instandhouding" eintlik "gestuurdheid", en soms is "gestuurdheid" eintlik '"instandhouding". Soos met alles in die teologie (lewe?), hang dit net af van die motiewe wat daaragter sit. Elke gemeente moet op sy eie unieke manier die leiding van God se Gees soek in hoe sy eredienste 'n getroue uitdrukking kan wees van aanbidding wat primêr op God gefokus is.

Die rede hiervoor is dat "missionêr" of "gestuur" 'n bepaalde bediening in die gemeente beskryf, byvoorbeeld "missionêre" erediens of "missionêre" pastoraat (wat van "missionêre" huisbesoek?). Dikwels funksioneer dié begrippe egter as 'n verbloemde "nie-gestuurdheid" of selfs "instandhouding". Dít geskied maklik op so 'n wyse dat diegene wat met alle goeie bedoelings die begrippe gebruik, dit nie self besef of raaksien nie. Ek sal probeer om dit beter te verduidelik aan die hand van navorsing oor die erediens in gemeentes van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) wat ek en prof Bethel Müller onlangs onderneem het.

Verskille in ekklesiologie

Daar is in die laaste tyd baie geskryf oor kerk-wees in 'n periode van post-Christendom. In hierdie bydraes word daarop gewys dat die totale verandering van kontekste 'n verandering van ekklesiologie noodsaak (sien gerus die literatuurlys aan die einde van die artikel vir bronne wat hierop ingaan).

Hierdie ekklesiologiese skuif is al op verskeie maniere beskryf. Guder praat van "from sending to being sent". Die taal wat die SAVGG gebruik, is die onderskeid tussen die begrippe instandhouding en gestuurdheid, en wat dit sê oor 'n gemeente se ekklesiologie. Instandhouding en gestuurdheid vind neerslag op alle terreine van 'n gemeente se bediening. Die een neem die gemeente as vertrekpunt en as doel, en die ander die *missio Dei*. Enkele verskille sluit in:

- Die primêre agent in 'n instandhoudingsgemeente is die gemeente self en die predikant wat stuur. In die gestuurde gemeente is dit die drie-enige God wat die gemeente as geheel stuur.
- Die primêre versorger in 'n instandhoudingsgemeente is net die predikant as pastor. In 'n gestuurde gemeente is dit die gemeente wat onderling versorg en omgee deur die Heilige Gees wat hulle daartoe bemagtig.
- In 'n instandhoudingsgemeente is die visier merendeels op ons en mense soos ons. In 'n gestuurde gemeente is daar altyd die drieledige fokus op God, op die lidmate onderling en op die wêreld wat God nog nie ken nie.
- 'n Instandhoudingsgemeente sal diegene wat '"nie soos ons is nie" wil verander om soos ons te raak" 'n Gestuurde gemeente sal diegene wat "nie soos ons is nie" ontmoet waar hulle is en hulleself oopstel teenoor diesulkes.
- In 'n instandhoudingsgemeente is oorlewing en uitbreiding baie sentraal, en getallegroei 'n kriterium vir God se teenwoordigheid. Gestuurde gemeentes is meer daarop ingestel om te bepaal of dit waarmee hulle mee besig is op God en sy sending gerig is, of dit nou getallegroei gaan meebring of nie.

Uiterstes as padwysers

Hierdie is maar net enkele punte wat probeer om die verskil tussen instandhouding en gestuurdheid te illustreer.

Wat het dit met die erediens uit te waai? Die data waarna ek en prof Müller gekyk het, was antwoorde

van enkele lidmate en leiers oor hoe hulle oor sake soos die erediens dink. Daar is ook met leiers en lidmate gesprekke gevoer en eredienste bygewoon.

Heelwat data het op 'n "gestuurde" verstaan van die gemeente en van eredienste gedui. Heelwat data het egter ook op die teenoorgestelde gedui, naamlik 'n instandhoudingsmodel.

Dit wil voorkom asof die erediens tussen die Scylla en Charybdis van instandhouding en gestuurdheid heen beweeg. Hierdie uiterstes het almal, hoe mooi ook al, die potensiaal om 'n bediening soos die erediens óf te laat koershou óf te laat ontspoor. Dié twee stelle uiterstes dien dus as padwysers op pad na 'n gestuurde erediens. Die ideaal sal wees om tussen die uiterstes deur te beweeg en deurentyd van hulle bewus te bly. Sensitiwiteit vir die uiterstes as sodanig is reeds 'n aanduiding van gestuurdheid.

'n Eerste klompie uiterstes behels:

Doelloos/nutteloos	↓	**Funksioneel**
Aantreklik		**Onaantreklik**
Ongasvry		**Té "nice"**
Klinies, dogmaties		**Pastoraal**

Hierdie twee stelle padwysers kan ons help om sensitief te wees vir uiterstes. Albei lysies is ekstreme kante van 'n saak wat goeie bedoelings, soos byvoorbeeld om "missionêr" of "gestuurd" te wees, kan laat ontspoor.

So byvoorbeeld noem die nuwe erediens-handleiding *Vir die Erediens – 'n Handleiding*, wat terloops 'n fantastiese bron vir die gereformeerde liturgie is (uitgegee in 2007 deur Bybel-Media), 'n missionêre erediens 'n erediens wat gerig is op persone wat nie gewoonlik aan die erediens deelneem nie, of eredienste in nuut geplante gemeentes. Die voorstel wat verder gemaak word, het baie positiewe en behulpsame punte, maar neig meer na wat McDonald *missionalisme* noem. Daarmee bedoel hy dat die *waarde* van alles in terme van die bereiking van 'n groter doel gemeet word.

Die waarde van die sogenaamde missionêre liturgie word bepaal deur die aantal soekers wat deur so 'n erediens gelok is.

Nou ja ... dis seker nie 'n slegte doel nie, maar vir seker nie die sentrale oogmerk van die erediens, van liturgie of van enige vorm van Christelike aanbidding nie! In essensie gaan dit tog oor God en oor sy heerlikheid, en nie oor lootjies wat getel word nie. Hier word *missionêr* (gestuur) dus op 'n subtiele wyse eintlik 'n vorm van instandhouding en nie gestuurdheid nie.

Gestuurdheid is nie 'n strategie nie, maar geleefde liefde

Neem as voorbeeld die ervaring wat baie van ons al oor die laaste jare gehad het. Jy word by die kerkdeur uiters vriendelik verwelkom. Dan onthou jy jy het iets in die motor vergeet. Drie minute later word jy op presies dieselfde besonder vriendelike wyse deur presies dieselfde persoon en met presies dieselfde woorde en stemtoon verwelkom.

Nou ja, 'n erediens op pad na gestuurdheid is vir seker gasvry, maar ook nie té *nice* nie! Anders verklap dit duidelik dat gasvryheid in 'n blote strategie verval het met 'n ander motief daaragter! Gestuurdheid is nie 'n strategie nie; dis bloot liefde wat geleef word.

'n Tweede lysie uiterstes is ook behulpsame padwysers:

Antropologie	↓	**Teologie**
Vreemdelinge		**Verbruikers**
Individu		**Gemeenskap**
Vergeestelike evangelie		**"Social Gospel"**
Private huishouding		**Markplein**
Liturgie		**Lewe**

Dit gaan dikwels vir erediensgangers oor wat hulle uit die ervaring vir hulleself kan kry, 'n soort geestelike behoeftebevrediging wat by hulle eie leefwêreld en spiritualiteit aanklank vind.

Daarteenoor is predikante dikwels (of darem soms) besorg oor die feit dat lidmate korrekte lering in die erediens moet ontvang, maar sluit hulle nouliks by hulle hoorders se leefwêreld aan.

'n Erediens waarin aktiewe pogings aangewend word om die gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug, is 'n erediens wat in die rigting van gestuurdheid beweeg.

Heelwat respondente het verder aangetoon dat nie-tradisionele liturgiese ruimtes, soos kleingroepe, by uitstek vir hulle die ruimtes van sinvolle aanbiddingservaring is. Die geleenthede waartydens kultuurgrense byvoorbeeld oorgesteek is, staan vir hulle uit as aanbiddingsgeleenthede waar hulle God ontmoet het.

Reg oor die wêreld is daar 'n duidelike tendens dat rituele, ook Christelike rituele, besig is om op allerlei nie-tradisionele plekke voor te kom. Die pad na 'n gestuurde erediens sal, in die woorde van die liturgis Paul Post, hierdie nuwere ruimtes en die oorsteek van grense as potensiële "heilige grond" ernstig neem.

Dié paar opmerkings is geensins 'n resep om almal in die gemeente oor aanbidding tevrede te

hou nie. Inteendeel, die pad na gestuurdheid sal juis die neem van risiko's insluit; dit sal eerder wil fokus op kwaliteit as kwantiteit; dit gaan die oorsteek van grense behels, eerder as om net in mense se gemaksones te vertoef; dit gaan die vraag na my eie smaak en belange sekondêr maak aan die vraag of wat gedink en gedoen word in ooreenstemming is met die *missio Dei*.

Die *missio Dei* gaan vir seker nie iets wees wat 'n enkel dominee kan behartig nie. Dis eerder 'n pad wat deur al die lidmate gestap word; en ja, dit gaan nie noodwendig beteken dat jou gemeente uit sy nate gaan bars as gevolg van hierdie benadering nie. Hopelik sal die vlakke van toewyding wel verhoog.

Vir predikante en leiers wat hulle bedieningsukses in terme van getalle en pluimpies meet, mag dit dalk eerder die begin van 'n woestyntog wees. Maar nadat hy die Egiptenaar doodgemaak het, het God ook so vir Moses van sy missionalisme genees deur hom eers woestyn toe te neem, vóórdat hy hom as 'n gestuurde man in sy diens kon opneem. Die gevolg was dat Moses op tagtig bekend sou staan as "nederiger as enigiemand anders op die aarde" (sien McDonald se artikel).

Ja, dis alles baie vaag. Wat ons hier probeer sê, is dat eredienste (dis seker ook waar van ander bedienings in die gemeente) wat tussen hierdie ekstreme pole beweeg en deurentyd baie bewus bly daarvan, eredienste is wat in die rigting van gestuurdheid beweeg. Hou egter jou verklikkers aangeskakel en jou oë oop vir 'n sogenaamde "suiwer missionêre" of "suiwer gestuurde" eredienste, want 'n ware gestuurde erediens arriveer nooit nie.

Literatuurlys

Barrett, LY *et al*. 2004. *Treasure in Clay Jars. Patterns in Missional Faithfulness*. The Gospel and Our Culture Series. Grand Rapids, MI: WB Eerdmans Publishing Company.

Guder, DL. "From sending to being sent". In: *Missional Church. A Vision for the Sending of the Church in North America*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

McDonald, G. 2007. "Dangers of missionalism. Even the best causes can become cold, prideful, and all-consuming". *Leadership* Winter 2007, 38-42.

Meigs, R. 2007. "Asking the right question". Afgelaai op 30 Oktober 2007 by http://blindbeggar.org/?p=408 , die webtuiste The Blind Beggar van Rick Meigs.

Minatrea, M. 2004. "Missional Practice Number Four. Rewrite Worship Every Week". In: Minatrea, M. 2004. *Shaped by God's Heart. The Passion and Practices of Missional Churches*. San Francisco: Jossey-Bass.

Müller, BA. 2008. "A missional understanding of the church, its ministry, especially its liturgy" (verskyn eersdaags).

Wepener, C.J. 2008. "Towards a missional liturgy" (verskyn eersdaags).

- Kyk gerus by **www.gokerk.co.za** vir wonderlike voorbeelde van eredienste wat op nuwe plekke gehou word, soos in 'n koffiewinkel, of die gemeente iewers in Gauteng wat in 'n inkopiesentrum hulle kerk hou, waar mense hulle deur die glas kan dophou en selfs deur die oop deure kan inkom. Wat leer ons uit die herinneringsoomblikke van familie en vriende rondom 'n kruis en 'n krans langs die snelweg? En hoe kan die internet benut word?
- Ons hoor ook van aanddienste in die Groote Kerk (en baie ander gemeentes) waar die tema van die aand met behulp van kuns volgens die leefwêreld van die jongmense wat bywoon, uitgebeeld word. Die Katolieke het die tradisie van 'n **"hunger cloth"** wat opgehang word en waarop prente en ander voorwerpe uit die sosiale werklikheid van die gemeente se onmiddellike omgewing opgesit word.
- Verder is daar reg oor die wêreld, veral ook in Afrika, 'n beweging om sake soos die **nagmaal** te vier met elemente wat kom uit hulle eie kultuur.

* *Cas Wepener was tot onlangs 'n navorser by Buvton in Stellenbosch en spesialiseer in liturgiese nadenke. Hy is tans predikant in Pinelands.*

"Die *missio Dei* gaan vir seker nie iets wees wat 'n enkel dominee kan behartig nie. Dis eerder 'n pad wat deur al die lidmate gestap word; en ja, dit gaan nie noodwendig beteken dat jou gemeente uit sy nate gaan bars as gevolg van hierdie benadering nie. Hopelik sal die vlakke van toewyding wel verhoog."